



Mite, sage, epos en sprokie: Die transformasie van tradisionele patrone in twee Afrikaanse romans uit 1991

Henriette Roos

To cite this article: Henriette Roos (1993) Mite, sage, epos en sprokie: Die transformasie van tradisionele patrone in twee Afrikaanse romans uit 1991, Journal of Literary Studies, 9:3-4, 302-312, DOI: [10.1080/02564719308530050](https://doi.org/10.1080/02564719308530050)

To link to this article: <https://doi.org/10.1080/02564719308530050>



Published online: 06 Jul 2007.



Submit your article to this journal [↗](#)



Article views: 14



View related articles [↗](#)

Mite, sage, epos en sprokie: die transformasie van tradisionele patrone in twee Afrikaanse romans uit 1991

Henriette Roos

Opsomming

Meer as sesig jaar gelede publiseer Vladimir Propp en Andre Jolles hulle formalistiese beskouings oor die strukturering van volksvertellings. Vir Propp is die ondersoeksgebied die "folktale" of "wondertale"; Jolles weer, beskryf die tipiese vorm van die "Legende, Sage, Mythe, Rätsel, Spruch, Kasus, Memorabile, Märchen, Witz". Sedertdien is die Formalisme gediskrediteer of na die agtergrond geskuif deur opeenvolgende fokusveranderings binne die literêre teorie, en het benaderings gebaseer op, onder andere, die Strukturalisme, die Semiotiek, die Resepsie-estetika, die Marxisme en die Feminisme toenemend van belang geword.

Hierdie artikel doen verslag van 'n eietydse ondersoek na die relevansie van Jolles en Propp se werk, en bied 'n herevaluasie van hulle destydse bevindinge. Die tekste wat beskryf word is twee romans wat gedurende 1991 in Afrikaans verskyn het: André P. Brink se *Die kreef raak gewoon daaraan* en Wilma Stockenström se *Abjater wat so lag*.

Die bevinding was dat in albei romans, tradisionele vorme soos die sage en die sprokie op narratologiese en ideologiese vlak getransformeer word. Brink konstrueer 'n paradigma van respektiewelik enkelvoudige vorme soos die sage en die mite, asook die kunsvorm, die epos. In Stockenström se roman word die sprokie (feëverhaal) vanuit 'n feministiese perspektief gedekonstrueer. Klaarblyklik funksioneer die verskynsels van skematisering en patroonmatige herhaling – maar dan binne die konteks van kreatiewe transformasie en die reaksie op 'n veranderde sosiale orde – nog steeds in die hedendaagse teks.

Summary

It was more than sixty years ago that Vladimir Propp and André Jolles published their formalistic viewpoints on the basic structure of simple tales. Propp researched the fairy tale or Russian "wondertale"; Jolles tried to describe a typical schematic pattern that is present in simple forms like the "Legende, Sage, Mythe, Rätsel, Spruch, Kasus, Memorabile, Märchen, Witz". Since then Formalism has been replaced by numerous new accents in literary research, and theories related to Structuralism, Semantics, Marxism and Feminism amongst others, successively gained ground.

This article offers a contemporary review of the ideas of Jolles and Propp based on a reading of two Afrikaans novels published during 1991. They are André P. Brink's *Die kreef raak gewoon daaraan* (available in English as *An Act of Terror*), and *Abjater wat so lag* by Wilma Stockenström.

In both novels traditional forms like the saga and the fairy tale were transformed at a narratological and ideological level. Brink constructs a paradigm of respectively simple forms like the saga, the myth, the art form and the epic. In Stockenström's novel the fairy tale is deconstructed from a feminist point of view. Evidently schematism and pattern-like repetition still function in the modern text, albeit within the context of creative transformation and the reaction to a changed social dispensation.

1

Om 'n wetenskap verantwoordelik te bedryf, beteken, onder andere, om steeds kennis te neem van vroeëre navorsers en om die kontemporêre relevansie van hulle navorsing vas te stel. Daarbenewens vorm seker alle

menslike bedrywighede deel van die geskiedenis se pendulumbeweging, dit waardeur – hoewel binne ’n gewysigde fokus – die modes en perspektiewe eie aan vergange eras tog telkens weer in die aktuele gesigsveld verskyn. Vir die literatuurwetenskaplike is Vladimir Propp en André Jolles twee voorgangers wat geraak is deur so ’n pendulumswaai. Meer as sestig jaar gelede publiseer beide hulle studies oor die struktuur van volksvertellings: by Propp is die ondersoeksgebied die “wondertale” (die Russiese feëverhaal); Jolles weer, beskryf die karakteristieke aard van dit wat hy “enkelvoudige vorme” noem: die “Legende, Sage, Mythe, Rätsel, Spruch, Kasus, Memorabile, Märchen, Witz”.

Propp se *Morphology of the Folktale* (1928) is sowel ’n empiriese as ’n induktiewe ondersoek; ’n sintagmatiese analise van ’n besondere soort teks – die sprokie (feëverhaal). Die formeel teksstruktuur beskryf hy met verwysing na die chronologiese orde van opeenvolgende tekssegmente, segmente wat gevorm word deur herhaalde, konstante handelingseenhede, deur Propp genoem: *funksies*. Met sy ondersoek het Propp gevind dat daar in die sprokie hoogstens een-en-dertig sulke konstante funksies voorkom, dat hulle mekaar altyd in ’n vaste orde volg, en dat slegs sewe spesifieke karaktertipes aan die funksies deelneem. Deur die aanname dat sy studieobjek ’n bepaalde struktuur besit, deur daardie aanname te bewys en dit só te doen dat die bevindings ook deur ander navorsers gereproduseer kan word, is Propp onmiskenbaar – en as literêr-teoretiese baanbreker – ’n strukturalis. Dit was egter eers dertig jaar na die eerste uitgawe daarvan dat *Morphology* in Engels vertaal is en die beskouinge wat daarin vervat was buite die Russiese invloed sfeer algemeen bekend geword het. Teen daardie tyd is Propp en sy navorsing reeds meermale heftig aangeval en veroordeel deur die Sowjet Akademie en die literêre kritici, en moes hy by verskillende geleenthede openbare apologie aanteken en probeer kompenseer vir dit wat gebrandmerk is as sy “formalistiese” en “kosmopolitiese” werk. Internasionale erkenning neem egter tot die vroeë sewentigerjare toe onder bekende Strukturaliste soos Barthes, Bremond, Greimas en Dundes, en selfs Levi-Strauss se uitgebreide kritiek bevestig Propp se nuwe statuur. Vandag word hy deur die grootste deel van die postmodernistiese generasie as voorvader van ’n verouderende literatuurbeskouing geëer (Propp 1984, 1988).

Jolles se *Einfache Formen* (1930) verwoord die teorie dat binne ’n gemeenskap daar bepaalde *geestesaktiwiteite* bestaan wat deur spesifieke taalkonstruksies reflekteer word – taalkonstruksies wat tot nege basiese of eenvoudige vorme herlei kan word. Die nege eenvoudige vorme word elkeen opgebou deur ’n struktuur van kenmerkende en onderskeibare *taalgebare* (motiewe, betekeniseenhede) en Jolles probeer dan om hierdie strukture sistematies te beskryf. Ook *Einfache Formen* raak eers in die sewentigerjare meer algemeen bekend; aanvanklik was dit slegs in die Duitse taalgebied beskikbaar. Jolles, ’n Nederlander, word egter in Nederland selde vermeld; Engelse vertalings van sy publikasies is haas onverkrygbaar, en hedendaagse kommentaar betrek soms skuinsweg sy persoonlike empatie met die Hitler-regime deur ’n verwysing te maak na bestaande bewerings dat alle morfologiese studies *per se* ’n nasionaal-sosialistiese visie sou ondersteun (Beekman

1983)! 'n Meer objektiewe oordeel is egter dat Jolles, soos Propp, stimulerende insigte in spesifieke soorte literêre strukture bied en dan op sistematiese wyse tekstuele transformasies beskryf (die evaluasie van, onder andere, Scholes, Ducrot en Todorov, *Hempfer en Poser*). Die kritiek dat Jolles sy kriteria baseer op subjektiewe spekulasies omtrent die wese en aard van dinge, eerder as op agterhaalbare toetsing, mag dalk geldig wees, maar vanuit 'n postmodernistiese visie dra sulke besware waarskynlik minder gewig (Beekman 1983; Bodar 1983).

Dit het vir my die moeite werd gelyk om – die eksesse van literatuurteoretiese dissipels opsygeskuif en dus weer binne die terugwaartse swaai van die pendulum – met behulp van daardie perspektiewe wat Propp en Jolles bekendgestel het, enkele tydgenootlike Afrikaanse romans te herlees.

2

Van André P. Brink se roman *Die kreef raak gewoonnd daaraan* (712 bladsye, die Engelse vertaling is meer as 800 bladsye lank) word namens die “gewone” leser in 'n Sondagkoerant beweer dat “as ek vanjaar net één Afrikaanse boek sou kon koop, sal dit dié een wees” (Slabber 1991). 'n Bespreking in *The Argus* meen dat “in a culturally historical sense [this book] closes off the old South Africa and ushers in the new” (Wentzel 1991). 'n Besondere status word dus aan die teks toegeskryf – waaroor gaan dit dan wel? Die lewe van dertien geslagte van 'n Afrikanerfamilie, die Landmans, word vanaf ± 1661 tot en met 1990 verhaal; op die kontemporêre toneel van handeling waartydens 'n vlugtog plaasvind na die mislukte bomaanval op die staatspresident word die hele Suid-Afrika geografies gedek. Die agternaperspektiewe van die hoofkarakter (Thomas Landman, wat een van die bomgooiers was) betrek ook nog die res van Afrika, Engeland, Wes-Europa, die Verenigde State en die Sowjet-Unie; daarbenewens tree Thomas se hele familie, sy vriendekring, politieke bondgenote en sy minnaresse Nina en Lisa tot die gebeure toe. Dalk geen wonder nie dat in al die resensies wat ek ter insae had, die oordadige, oorweldigende en ensiklopediese styl van die roman bekla is. Soos die *Argus*-resensent dit met ironiese onderbektoneering stel, “occasionally he does get carried away” (Wentzel 1991).

Dit was ook opvallend dat al die resensente op eksplisiete wyse die karakters in hierdie 1991-roman gekoppel het met die mitologiese figuur, Adamastor, uit die 1572-epos van die Portugese digter Camões. Lees mens die roman self, word daardie verbande in die verhaaltteks self gelê, nie net verbaal deur dialoog en beskrywings nie, maar ook by wyse van die oorkoepelende tematiek wat groei uit die visie dat die witmens eers deel van Afrika word soos wat die aanvanklike vyandige verhouding met daardie mitologiese woestaard hersien word en 'n versoening met en aanvaarding van die Adamastor-figuur as ons almal se gemeenskaplike voorouer kom.

Deur te fokus op die bogenoemde twee aspekte – die geweldige omvang van en die mitologiese verwysings in die roman – en dit met behulp van Propp en Jolles te kontekstualiseer, meen ek dat die leser insig in die noodwendige sin en struktuur van Brink se werk kan kry. Vanuit die oorlaaide verhaal-

wêreld van *Die kreef* . . . word byvoorbeeld enkele sleutelaspekte geïdentifiseer: die familienaam van die hoofkarakter is *Landman*; die roman is die relaas van die *familiegeskiedenis* van dertien generasies Landmans; 'n *krisisgebeurtenis* in die lewe van een Landman vorm die kern van die verhaal – dit wil sê die stryd teen 'n tirannieke heerser omdat hy wil verhoed dat die land se mense 'n voorspoedige bestaan vestig. Die komplekse interpersoonlike *familieverhoudings* van sowel Thomas as van albei sy minnaresse rig die afloop en ontknoping van die storielyn. En met dié uiteensetting, herken mens 'n feitlik presiese weergawe van dit wat Jolles aandui as kernwoorde binne die denkproses/geestesaktiwiteit wat die *sage* onderlê, naamlik familie, stam en bloedverwantskap (Jolles 1972: 75). Word hierdie enkelvoudige vorm, die sage, as matrys van die hedendaagse roman aanvaar, dan verloop die strukturering van *Die kreef* . . . volgens 'n asof voortbestemde patroon. Net soos wat Jolles ten opsigte van die sage bevind het, is daar dan by Brink ook die mengsel van historiese feit en geromantiseerde fantasie; die karakterisering geskied byna uitsluitlik in terme van familie-verwantskappe: broerdertwis, bloedskanie, verraad; en die vertelling fokus op een persoon as verteenwoordiger en kampvegter van die hele stam. Die held word dan “der heroische Vertreter eines bestimmten Stammes, der erbliche Träger der grossen Eigenschaften seines Geschlechts” (Jolles 1972: 66–79). Laasgenoemde kode uit die wêreld van die sage, bied dus 'n weerwoord aan die resesente wat almal gekla het oor die ongenuanseerde uitbeelding van Thomas – en van sy mentor Sipho – as volkome goed en gaaf, terwyl hulle (ideologiese) teenstanders as eenvormig boos beskryf word. Selfs die geraamde spieël wat die Landmans deur al hulle beproewings en omswerwings vir 330 jaar oor land en see saamgesleep het (en volgens baie resesente was dit ietwat ongeloofwaardig dat die spieël in 1989 sy eerste kraak kry!), pas binne die Jolles-sisteem waarvolgens 'n gekoesterde *erfstuk* die eiesoortige simbool van die sage-vorm is (Bodar 1983: 73).

Jolles beweer ook dat wanneer die algemene eienskappe van die sage – die enkelvoudige vorm – tot 'n *kunsvorm* getransponeer word, met ander woorde wanneer die teks spesifieke literêre kwaliteite vertoon – onder andere deur sy individuele outeur, die eenmalige narratiewe struktuur en die besondere tematiek, daar dan van 'n *epos* gepraat moet word (Jolles 1972: 83–86). By die epos oorheers motiewe soos *omswerwing* steeds (vergelyk die opeengestapelde verwysings na Thomas se reise, besoeke en vlugtogte oor kontinente heen), terwyl ook die *erfsonde* of *erflas* prominent is. In dié verband sou die leser Landman se durende skuldgevoel oor sy eie en sy voorgeslagte se gewelddadige aksies kon interpreteer (Brink 1991: 521 & 540). Camões se versepos, *Os Lusíadas*, speel dus in Brink se teks 'n besondere rol. Eerstens is daar die direkte band met die Adamastorfiguur wat selfs deur woordelike ooreenkomste bevestig word (Camões 1963: 186–192), maar dan blyk daar ook betekenisvolle ooreenkomste op ideologiese en struktuurvlak te wees. Camões se idealistiese visie op Vasco da Gama as verpersoonliking van 'n hele stam (die seuns van *Lusíadas* word beskou as die stigters van die Portugese nasie); die dualisme van geskiedenis en fantasie waarvolgens die reise na en in Afrika beskryf word; die toekomsvoorspellings; die gebruik van

die klassieke mitologie – dit alles is dan baie duidelike skakels wat funksioneer om die moderne roman, die tradisionele epos en die enkelvoudige sage-vorm met mekaar te verbind.

Maar Jolles het ook beweer dat daar 'n besondere verband tussen die sage en 'n ander enkelvoudige vorm, die *mite*, bestaan. Die deurslaggewende verskil tussen die twee vorme sou geleë wees in elkeen se onderliggende, onderskeidende geestesaktiwiteit. Die denkproses wat die kern van die mite vorm, is volgens Jolles die soeke na *antwoorde op die vraag na die aard en wese van die skepping en van die menslike bestaan*, en daaraan verwant is die strewe na 'n openbaring of voorspelling van wat die toekoms inhou. Binne hierdie konteks verkry verskillende aspekte van die Brink-roman nuwe sin: Thomas se motivering vir die skryf van die verhaal, naamlik dat hy die rede en aard van sy mense se bestaan in Afrika wil ondersoek, sluit dus aan by verwagtinge omtrent die mite-struktuur. Selfs gebeure wat oënskynlik minder belangrik is, soos Lisa se verknogtheid aan die *I Ching*-orakel, val dan binne hierdie enkelvoudige vorm se vraag-en- antwoordpatroon. Dit is ook insiggewend om kennis te neem van wat Propp oor die verwantskap tussen epos en mite sê. (Dit was navorsing wat hy gepubliseer het gedurende 'n era toe in die Sowjet-Unie alle historiese perspektivering deur Marxistiese voorskrifte omraam is). Propp meen dat die mite en epos op twee ideologiese pole staan; die mite erken 'n meestersklas (die gode) wat die gewone mens tiranniseer, die epos daarenteen verbeeld die heroïese, idealistiese mens wat onselfsugtig namens die uitgebuite massa optree. Die epos stel nie konkrete, historiese werklikhede voorop nie, maar is eintlik gerig op die aspirasies en grootse ideale van die mensdom in geheel. En beide hierdie waarnemings van Propp word in Brink se verhaal gerealiseer. Selfs 'n veralgemeende uitspraak van Propp, naamlik dat “the ancient epic requires that after a hero's marriage a misfortune should befall his wife” (Propp 1985: 67), kry ook in die Brink-roman geldigheid wanneer albei Thomas se minnaresse gewelddadig sterf. Blykbaar kan die teoretiese, tipiese sisteem steeds in die enkelteks funksioneer, ook in terme van die oorkoepelende visie, en selfs tot in 'n absurde detail.

Ek meen dat die bostaande oorsig 'n aanduiding gee van hoe tersaaklik Jolles en Propp se bevindings ten opsigte van die sistematiese ordening van enkelvoudige en/of spesifieke taalvorme, nog by die lees van 'n hedendaagse werk kan wees. Baie geskoolde lesers het in Brink se 1991-tekse verskillende “gebreke”, sommige byna onverklaarbaar naïef, waargeneem. Een resensent het geoordeel: “die boek sou minder problematies gewees het indien mens dit – téén die bedoeling in – as redelik populêre vermaak kon lees. Maar populêre romans is nie voortreflik gestruktureer nie, en maak nie daarop aanspraak om 'n driehonderdjarige geskiedenis te interpreteer nie” (Olivier 1991: 45). Oor wat die outeur se bedoeling met die boek wel was, kan mens net spekulêr. Maar kyk die leser dan deur Jolles se oë na die struktuurpatroon, is bogenoemde die soort aanspraak wat die sage, epos en mite, daardie eertydse “populêre” vorme, *mag* maak. In *Die kreef* ... vind daar wel opvallende afwykings en transponerings ten opsigte van die geïdentifiseerde tradisionele sisteme plaas. Die eenheid van bloed en stam word byvoorbeeld

sterker ervaar deur diegene wat ideologies/polities verwant is, as deur die wat geneties verbind is, en in die Brink-roman verbreek die familieverbande juis. Die konvensionele beskouing van familieverbande word dus binne die aktuele konteks en die tematiese strekking van *Die kreef* ... herdefinieer. Dit is ook onduidelik of hierdie hedendaagse roman bewustelik die enkelvoudige vorms ontgin, en of dit eerder op 'n literêre manifestasie daarvan, dit wil sê die Camões-epos, geskoei is om dit in Afrikaanse idioom te verwerk. Sulke aspekte kan tot 'n verdere interessante ondersoek lei, maar is hier en nou nie die kernsaak nie.

3

Vroeg in 1991 verskyn Wilma Stockenström se *Abjater wat so lag*, en die algemene aanprysing daarvan in resensies word onderskryf deur die onlangse toekennung van die W.A. Hofmeyr-prys. Die roman is geskryf in die vorm van 'n aaneenlopende relaas deur 'n naamlose ek-verteller – 'n eenselwige mens; 'n middeljarige, ongetroude vrou wat sterwendes verpleeg en só moeisaam tog finansiële selfstandig raak en ander se respek verkry. Tydens die relaas wat in *medias res* begin en onvoltooid eindig, dink sy terug aan jare van swaarkry en ontberings, en aan 'n lewe waarvan die grootste vreugde die herinnering aan 'n heroïese jong man se gulle lag was. Maar ook sy gekwelde doodstryd moes sy later begelei, geen wonder nie dat sy na haarself verwys as “'n vroedvrou van die dood”.

Dit wil soms voorkom asof Stockenström se hele prosa-oeuvre byna sku-weg deur kritici benader word; asof die unieke en innoverende styl, die komplekse vertelwyse en die persepsie van 'n ironiese, selfs ook esoteriese inslag haar werk moeilik “hanteerbaar” maak. Moontlik is een stewige vastrapplek waarvandaan die leser wel kan vertrek, die duidelike feministiese grondslag in baie van Stockenström se romans. Dat geeneen van nege beskikbare resensies oor *Abjater* ... hierdie aspek ter sprake bring nie, onderskryf net die bevindings gerapporteer in 'n onlangse proefskrif van J. du Plessis (1991) wat, onder andere, die hiëre in die kritiek op Stockenström se werk aandui. Maar daar is nog 'n ander en veelseggende “stilte” in al die gepubliseerde beskouings omtrent *Abjater wat so lag*; nêrens is daar 'n vermelding van twee herhalende en, myns insiens, kernverwysings wat deurlopend in die teks voorkom nie: By die eerste huishouding waar die verteller as geminate huisbediende werk, moet sy voortdurend alle oppervlaktes blinkvryf sodat die streng “missies” haar eie weerkaatsing orals kan raaksien. En, die beskrywing van die enigste kuierplek waar die verteller soms kom, is van die donker huis van 'n vreesaanjaende ou vrou, 'n verlangse familielid. Hier staan 'n groot, digte heining selonsrose wat swaar, giftige blomtrosse dra, en wanneer die groot-oog dogtertjie van haar werkgewers saamkom, waarsku sy die kind om nie aan die selonsrose te ruik nie, “want sy sal [dan] 'n honderd jaar slaap” (bl. 12). Na elke besoek aan die swygsame kreng spoor die verteller die meisietjie aan om terwyl sy nog jonk is, van sulke beklemmende plekke te vlug. Later word ook hierdie ou vrou een van die sterwendes wat die verteller moet verpleeg.

Bogenoemde verwysings plaas Stockenström se vertelling duidelik binne die konteks van die bekende feëverhaal, hoewel ten opsigte van die strukturering (die achronologiese bewussynstroom, die afwesigheid van dramatiese handeling, die onkonvensionele karakters) die roman heeltemal buite Propp se funksie-sisteem val. Uit Jolles se ondersoek kom wel sekere bruikbare insigte voor.

Jolles was een van die baie navorsers oor die feëverhaal wat Charles Perrault se “contes des fées” (opgeteken in 1697, en waaronder ook *Aspoetertjie*, *Doringrosie* en *Sneeuwitjie* ressorteer) as van die heel vroegste verliteratuurse weergawes van oeroue mondelinge volksvertellings beskou. Hierdie verhale is oorspronklik deur vroue (werksters, verpleegsters, weefsters) gedoen (Jolles 1972: 229); daar word selfs beweer dat “Fairy tales are tales told by women . . . in [whose] hands literally and metaphorically rests the power of birthing, dying and tale-spinning” (Rowe 1986: 63), en die verteller in *Abjater* . . . is ook ’n vroedvrou, doodsbegeleider en “spinster”?! Die *wonderbaarlike of magiese*, en die *onbepaaldheid van tyd en plek* word deur Jolles uitgewys as die kenmerkendste motiewe van die sprokievorm (1972: 240–244); in die Stockenström-roman word tyd en plek inderdaad nooit geïdentifiseer nie, terwyl die verteller argeloos en byna vanselfsprekend verkeer met fortuinvertellers, met die onsiglike en met reeds-gestorwenes. Haar vae herinneringe aan ’n gestorwe moeder, en die haat teenoor haar vader en stiefmoeder, reflekteer ook een van die mees tradisionele sprokiesmotiewe (Rowe 1979: 241). Dit lyk dus asof *Abjater* . . . tog verband hou met die bekende sisteem, en die leser kan dus verwag om wel die (volgens Jolles) basiese geestesaktiwiteit van die sprokie te herken. Jolles identifiseer dié onderliggende denkproses as een van *wensvervulling*, dit wil sê die begeerte om die wêreld te beleef soos wat dit behoort te wees. Die sprokie verwoord dus ’n *naïewe moraliteit* waarvolgens dit wat goed en regverdig is, altyd seëvier (Jolles 1972: 240).

Die leser ontdek egter dat so ’n naïewe moraal in *Abjater* . . . heeltemal ontbreek en dat wense juis nie vervul word nie – dit is die meedoënlose dood wat altyd oorwin. Maar daar is tog ’n leidraad oor hoe om hierdie radikale transformasie te interpreteer. Die basis van Propp se bevindinge word byvoorbeeld deur Jolles onderskryf met die teorie dat alle sprokieskarakters net blote tipes is, sonder ’n eiesoortige aard en dus figure wat vasgestelde en voortbestemde gedragskodes navolg (Jolles 1972: 245; Propp 1988: 21). Sonder dat ’n teks dus die strukturele sisteem ten opsigte van funksie-orde navolg, kan die betekenis van so ’n funksie-sisteem egter binne daardie teks figureer. ’n Hedendaagse, ondermeer Marxistiese interpretasie van feëverhale klink dan besonder interessant, naamlik dat sprokies daartoe dien om “gender categories” te bevestig, en dat dit eintlik “historical prescriptions” is vir die “morality and ethics of a male dominated Christian order” (Zipes 1983: 23; Lieberman 1972: 388–391).

En so beland die leser dan binne ’n feministiese verwysingsveld, een van waaruit in die laaste tyd juis die feëverhaal indringend bestudeer word. Van daardie ondersoekbevindings noem ek slegs enkele wat hier direk tersaaklik is. Rowe (1979: 237–257) byvoorbeeld, verwoord ’n algemene feministiese

standpunt dat feëverhale ten opsigte van die heldin se rol haar passiwiteit, selfopoffering en afhanklikheid verheerlik. Sy besit nooit status of rykdom in eie reg nie, maar kan dit verkry deur haarself heeltemal aan 'n patriargale norm te onderwerp. Daardie enkele vrouens wat in die sprokie oor mag beskik of slim planne beraam, is die hekse, die stiefmoeders of die bose feë. 'n Jong vrou se enigste bate is 'n insiklike geaardheid en 'n mooi gesig, en die beloning hiervoor is die huwelik. Die heel uitsonderlike sprokiesheldin wat nie (wil) trou nie, word uitgebeeld as ydel, bedorwe en koppig. Die gebeurelyn in die feëverhaal betrek egter slegs dié periode tot en met die hofmakery – van die werklike huwelikslewe self word nooit vertel nie (Lieberman 1972: 383–395). In *Abjater* ... is die verteller, die “heldin”, aanvanklik sku en verleë soos deur die sprokie voorgeskryf is, maar in teenspraak met die voorskrif, iemand met 'n “dik agterstewe”, 'n “koek-neus”, 'n “vel wat lyk soos varkvet” en 'n “stem soos 'n donkie” (en hou in gedagte dat alle sprokiesheldinne, maar veral Doringrosie, pragtig sing!). Deur haar relaas ontluis sy byna elke sprokiesdroom: sy weet “hoe hewig die huwelik tussen die lewe en die dood is en hoe 'n bespotlike namaaksel die hartstog tussen man en vrou is” (1991: 65); na haar vriendin se troue sien sy “Bettie se heupe word by die dag breër, haar borste langer en vetter en haar gesig heeltemal uitdrukkingloos. Daar gaan niks meer in haar kop aan nie, en dis die slim Bettie wat amper hoofdame in oom Koos se winkel was” (p. 32). Die verteller neem ook waar hoe egpare hulle huweliksware omtwis, en selfs 'n vroeër geluksalige paartjie bereik die stadium wanneer die vrou probeer “om haarself te red van gestadigde versmoring” (p. 111). Dis hierdie verteller wat, soos sy meer selfversekerd raak, manlike toenadering afweer met 'n “Pasop vir my”, en wat van getroude vroue die (jaloerse?) verwyt aanhoor dat sy “eiegeregtig” is (p. 80–83). Sy is dus nie meer die nors en lelike “suster” van die sprokiesverhaal wat altyd die onderspit delf nie, maar is nou die een wat weet dat sy “'n vroumens met betekenis is, wat die besluite beteken”, wat kan sê “alles was my verantwoordelikheid” (p. 23). Dalk skryf Stockenström hier 'n vervolg op die tipiese feëverhaal; 'n relaas van wat gebeur ná die “happy ever afters” – 'n soort *Antimärchen* in Jolles se terminologie (1972: 242). Soos Zipes dit in meer resente terme verwoord: “the classical fairy tales can be reutilized (German: *umfunktioniert*): the function of the tales can be literally turned around so that the perspective, style and motifs of the narratives contradict the standard socialization process and now confirm a redirected, more emancipatory society” (1983: 46). Hierdie ‘omgedraaide’ feëverhaal word deur Stockenström met behulp van tipiese feministiese vertelstrategieë gestruktureer – die disrupsië van konvensionele en hierargiese narratiewe patrone (chronologie, kousaliteit, vertellersoutoriteit, onderskeiding tussen skyn en realiteit) laat dit duidelik blyk (Brink 1990: 34–46; Du Plessis 1991). Deur die vergevoerde en deurlopende ondermyning van 'n strukturele sisteem, en van die denkprosesse wat daardie sisteem onderlê, word *Abjater* wat so lag 'n soort ikoon van verset teen literêre en ideologiese konvensie en norm.

In die inleiding tot sy Marxisties-gefundeerde beskouing van die feëverhaal, beweer Zipes (1983: 4) dat dit vrugteloos is om die studies van Propp en van sy navolgers soos Greimas en Tenèze by die ondersoek te betrek, omdat "they provide no overall methodological frameworks for locating and grasping the essence of the genre". Sulke strukturalistiese studies verhef dus "the form itself as its meaning, and the historicity of the individual creator and of society disappears". Teenoor hierdie afwysende oordeel kan mens die uitspraak van Veselovsky, 'n tydgenoot van Propp stel. Sy woorde is as slotuitspraak in die 1928-uitgawe van *Morphology of the Folktale* opgeneem, en voorspel op treffende wyse die toekomstige pendulumswaai:

Is it possible in this field also to consider the problem of typical schemes... schemes handed down for generations as ready-made formulae capable of becoming animated with a new mood, giving rise to new formations? Contemporary narrative literature with its complicated thematic structure and photographic reproduction of reality apparently eliminates the very possibility of such a question. But when this literature will appear to future generations as distant as antiquity, from prehistoric to medieval times, seems to us at present – when the synthesis of time, that great simplifier, in passing over the complexity of phenomena, reduces them to the magnitude of points receding into the distance, then their lines will merge with those that we have been uncovering when we look back at the poetic traditions of the distant past – and the phenomena of schematism and repetition will then be established across the total expanse.

(Propp 1988: 116)

Ek dink tog 'n leser kon self ondervind dat deur die spesifieke vorm en toon van Brink en Stockenström se tekste daardie verskynsel van skematisering en sistematiese herhaling, inderdaad geïtaliseer is. Soos Dundes in sy inleiding tot Propp dan ook sê, is dit nie die strukturele analise wat doel op sigself is nie, maar dit bly 'n waardevolle tegniek met behulp waarvan "the form ultimately must be related to the culture in which it is found" (Propp 1988: xiii) – 'n byna direkte teenspraak van Zipes se kritiek.

Dit was met behulp van eksplisiete leidrade in die vorm van sowel tekstuele verwysings as deur ander lesers se kommentaar (in die vorm van resensies en berigte) dat die verband tussen die twee genoemde 1991-romans en die studies van Jolles en Propp gelê kon word. Dit was dus moontlik om aan te dui hoe daardie "verouderde", tipiese struktuurskemas, maar ook hoe ander daaraan verwante literêre tekste, kreatief en binne die konteks van 'n besondere, twintigste-eeuse Suid-Afrikaanse kultuur ontgin is.

'n Mens sou die laaste woord hier aan Propp self wou gee: "According to his own political, social, historical and religious conception, the scholar will attribute to the tale and the folklore his own view of the world and thus discover mystical, atheistic, revolutionary or conservative attitudes in them... (but all this should be done) only after the formal laws have been clarified" (Propp 1985: 78). En hierdie uitspraak verwoord ook die motivering vir en metodiek van die ondersoek waarvan hierdie artikel verslag gee.

Verwysings

- Beekman, K.
1983 Enkelvoudige vorme en hulle verwerking. *Spektator* 12(15): 329–344.
- Bodar, Antoine
1983 Negen eenvoudige vorme. *Spektator* 13(2): 71–87.
- Bottingheimer, Ruth B.
1986 *Fairy Tales and Society: Illusion, Allusion and Paradigm*. Philadelphia: University of Pennsylvania.
- Brink, André P.
1990 The Centre Cannot Hold. Aspekte van 'n feministiese lees van *Louoond*. In: Roos, Henriette (samest.) *Lewe met woorde*. Kaapstad: Tafelberg.
1991 *Die kreef raak gewoond daaraan*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Camões, Luis de
1963(1572) *The Lusiads*. In: Sir Richard Fanshawe's translation, edited and introduction by Geoffrey Bullough. London: Centaur.
1973(1572) *Os Lusíadas*, edited and introduction and notes by Frank Pierce.
- Du Plessis, Janny
1991 *Feminisme in die oeuvres van enkele Afrikaanse vroue-prosaïste na Sestig*. Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif. P.U. vir C.H.O.
- Du Plooy, Heilna
1985 Literatuur uit die lewe: André Jolles se *Einfache Formen*. *JLS/TLW* 1(4): 20–37.
- Elsbree, Langdon
1982 *The Rituals of Life. Patterns in Narratives*. Port Washington: Kennikat.
- Jolles, André
1972(1930) *Einfache Formen*. Tübingen: Max Niemeyer.
- Lieberman, Marcia
1972 Some Day My Prince Will Come: Female Acculturation Through the Fairy Tale. *College English* 34: 383–395.
- Olivier, Gerrit
1991 'n 'Tuiskoms' in Afrika. Al Brink se romans in een. *Die Suid Afrikaan*, November.
- Perrault, Charles
1977(1697) *Perrault's Popular Tales*, edited and introduction by Andrew Lang, 1st edition 1888. New York: Arno.
- Propp, Vladimir
1985 *Theory and History of Folklore*, translated by Martin et al., edited and introduction and notes by A. Lieberman. *Theory and History of Literature* vol. 5. Minneapolis: University of Minnesota.
1988 (1928) *Morphology of the Folktale*. 2nd edition revised and with an introduction by Alan Dundes. University of Texas.
- Rowe, Karen
1979 Feminism and Fairy Tales. *Women's Studies. An Inter-disciplinary Journal* 6: 237–257.

- 1986 To Spin a Yarn: The Female Voice in Folk Lore and Fairy Tale.
In: Bottingheimer, Ruth (ed.) *Fairy tales and Society*. Philadelphia: University of Pennsylvania.
- Slabber, Coenie
1991 Brink se roman sluit ou SA af, lui nuwe in. *Rapport*, 15 September.
- Stockenström, Wilma
1991 *Abjater wat so lag*. Kaapstad: Human en Rousseau.
- Zipes, Jack
1983 *Fairy Tales and the Art of Subversion*. London: Heinemann.
- Wentzel, Tos
1991 Brink – Good as Ever. *The Argus*, 7 October.